**26 Januarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 139**

## Wanneer ’n mens ophou vlug!

Dawid probeer om in Psalm 139 die Here te ontvlug. Hoeveel keer het ons nie ook al probeer om die Here te ontvlug nie. Hoeveel maal het ons nie al dinge gedoen wat heeltemal in stryd is met alles wat ons glo nie? Het ons toe gedink ons gaan daarmee wegkom? Dalk het ons gehoop dat ons daarmee (ons skuld, sonde, slegte dade) sal wegkom voor al die aardse mense wat om ons is. As my baas maar net nie dit agterkom nie, as my sekretaresse dit net nie sien nie. Besef ons nog dat God alles wat ons doen, sien?
Ons hoef nie weg te kruip vir dit wat ons gedoen het nie, nie net is dit futiel nie, Dawid het dit besef, maar dit is ook onnodig. God is alomteenwoordig, die skepper van alle dinge, en niks kan sy almag ontsnap nie. Dawid het na al die uiterstes van sy omgewing, van sy verbeelding gevlug om van God af weg te kom. As ons dieselfde doen, waar gaan ons uitkom? Vlug ons na die hoogste piek van ons land, die Drakensberge, juis daar besef jy die almag van God se skepping. Die wonderbaarlike wyse wat hy die berge geskape het, in al hulle prag, met die mooiste uitsigte wat mens ooit sal sien. Die ooste en die weste van ons land: die pragtige oseane en die bosveld, met natuurskoon wat ’n mens tot op mens se knieë dwing. Selfs in die stede, waar ’n mens nie altyd die natuur kan bewonder nie, is daar tog die kroon van God se skepping wat rondom ons beweeg, die mens self.
Soos Dawid besef het, is daar nêrens waar ons kan gaan en net sê dat ons nie geweet het God is daar nie, want soos vers 13 en 14 getuig, het God ons kunstig aanmekaargeweef. Ek en jy is op wonderbaarlike wyse gevorm. ’n God wat iemand op wonderbaarlike wyse vorm, as sy Kunswerk, gaan jou tog nie aan jou eie lot oorlaat nie? Hy gee om wat met ons gebeur, Hy weet waar ons is, die Here het ’n doel met elkeen van ons se lewens; is dit nie tyd dat ons ophou vlug nie?
Om weg te kruip vir dinge wat ons verkeerd gedoen, het is onnodig, want ons hoef nie vir God weg te kruip oor ons sondige dade nie – hy het sy Seun vir ons gestuur. Ons sondes is vergewe, daar is vergifnis in Christus vir al ons sondes. Laat ons dus ophou vlug, onthou dat God ons kunstig na sy beeld geskape het, dat daar vergifnis is vir alles wat ons sondig, en dat God ’n baie spesiale en belangrike doel met elkeen van ons se lewens het.
Sing: Psalm 130:1-4
Teologiese student SJL Linde